BEST med medical scheme

Administered by Sanlam

1 Julie 2009

Geagte BESTmed-lid

VERBETERINGE AAN DIE VITALCARE-VOORDEELOPSIE VANAF 1 AUGUSTUS 2009

Vitalcare: Verdere verbetering van u voordele!

Dit is met genoeë dat ons kan bekend maak dat u voordeelopsie verder ontwikkel is om aan u meer uitgebreide voordele en groter vryheid van keuse te bied.

TOT 31 JULIE 2009

- Voorheen het u slegs toegang gehad tot die dienste verskaf deur 'n aangewese hospitaalnetwerk, wat MediClinic en die Nasionale Hospitaalnetwerkgroep (NHN); dagklinieke; rehabilitasiefasiliteite en alle provinsiale hospitale ingesluit het.
- Tonsilektomie-, adenoïedektomie- en miringotomie-prosedures was ook van u voordele uitgesluit.

VANAF 1 AUGUSTUS 2009

- U verkry toegang tot ALLE privaat hospitale, insluitende Netcare- and Life-hospitale.
- Die uitsluitings wat geld ten opsigte van Tonsilektomie-, adenoïedektomie- en miringotomie-prosedures is geskrap en voordele in dié verband word voortaan as integrale deel van die opsie verskaf.
- Aangesien voorkoming beter as genesing is, sal u toegang hê tot die volgende voorkomende sorg-voordele: Prostaatsiftingtingstoetse, papsmere, mammogramme, lipogramme, bloedsuikertoetsing en griepinentings.
- Buitelandse reise? Is u bekommerd oor moontlike mediese onkoste terwyl u in die buiteland is? Dis geensins 'n probleem nie! U sal voortaan outomaties kwalifiseer vir ons Internasionale Reisversekering wat via ER24 deur AIG SA verskaf word.

VERHOGING IN DIE LEDEGELDBYDRAE VAN DIE HOOFLID

Ten einde u voordeelopsie soos hierbo uiteengesit, uit te brei, word 'n minimale fooiverhoging van R24.00 per maand per hooflid vanaf 1 Augustus 2009 ingestel. Die ledegeldbydraes vir u afhanklikes (indien enige) bly onveranderd, alhoewel hulle ook die bykomende voordele sal geniet.

Waar toepaslik, sal u aftrekorder dus dienooreenkomstig aangepas word en die eerste betaling van die verhoogde fooi op 1 Augustus 2009 plaasvind. Indien u enige navrae in hierdie verband het, word u vriendelik versoek om BESTmed by 086 000 2378 te skakel of 'n e-pos aan service@bestmed.co.za te stuur.

2297 PRETORIA 0001
36 Hamilton Street
Hamiltonstraat 36
Arcadia PRETORIA RSA

+27 12 339 9800
086 000 2378
086 000 BEST
+27 12 339 9900

service@bestmed.co.za
www.bestmed.co.za

Reg no: 1252

BYKOMENDE VOORDELE

- As 'n BESTmed-lid het u toegang tot die volgende bykomende opsionele produkte:

Gapingdekking (‘Gap Cover’), is doodeenvoudig 'n produk wat aan u bykomende dekking bied vir alle bedrae wat die 100%-dekking van die ooreengekome mediese skematarief vir hospitaalprosedures oorskry indien u of een van u afhanklikes gehospitaliseer word. Besoek asseblief die BESTmed-webwerf by www.bestmed.co.za vir verdere besonderhede.

Sanlam Liquid verskaf ongekompliseerde spaar- en transaksieoplossings asook 'n bo-gemiddelde renteopbrengs op u lae-risiko spaargeld en beleggings. Met die Sanlam Liquid Debietkaart kan u 'n hoë rentekoersverdienste op u alledaagse transaksierekening verkry, omdat u geld in die SIM Geldmarkfonds (SMMF) belê word teen die geldmarkrentekoerse wat deur hierdie fonds verdien word. Besoek asseblief die Sanlam Liquid-webwerf by www.sanlamliquid.co.za indien u verdere besonderhede verlang.

Sanlam Reality is 'n beloning- en leefstylprogram wat ontwerp is om aansienlike waarde tot u lewe toe te voeg en dwarsdeur die jaar omvattende voordele aan u te verskaf. Die program verskaf aan u finansiële opleidingshulpmiddele en registreer u by meer as 93 000 handelaars wat daarop ingestel is om presies dit wat u benodig teen die laagste prys te vind. Deur middel van die volgende opsies: Reality Travel, Scout, Wheels, Bond, Connect, Save, Classifieds, Vacation and Shop, sal aan al u behoeftes voldoen kan word. As 'n Reality-lid het u ook toegang tot die Virgin Active en Planet Fitness gimnasiums. Besoek asseblief die Reality-webwerf by www.reality.co.za vir verdere besonderhede.

Wees verseker dat BESTmed u slegs die BESTE opsies bied!

Vriendelik die uwe

Dries La Grange
Hoofbeampte